QMS Technologies (Pty) Ltd
Reg. No.:2014/127980/07
VAT No.: 4760267338
Box 341, Groblersdal, 0470
0861 QMSLAB (767 522)
accounts@qmslab.com
www.qmslab.com

Jaarlikse omset: _____ Netto bate waarde > R2 million: JA_____ NEE_____

Volle geregistreerde Naam van die Besigheid (Hierna verwys as die "Koper"):

_____

Handelsnaam van die Besigheid: _____

Vorige Naam van die Besigheid _____

Tipe besigheid (Merk gepaste blokkie):

- Privaat Maatskappy ☐
- Eenmansaak ☐
- Beslote Korporasie ☐
- Vernootskap ☐
- Trust ☐

Besigheid registrasie nommer: _____

Begin datum: _____

BTW nommer: (Heg asb BTW103 aan) _____

Fisiese adres: _____

Geregistreerde adres: _____

Pos adres: _____

Epos adres vir rekeninge: _____

Besit of huur die aansoeker die perseel wat as aflewering adres hierbo aangedui is: _____

Naam van verhuurder: _____

Maak u gebruik van bestel nommers:	**JA:**		**NEE:**	

Kontak Person verantwoordlik vir die volgende:

	Kontak Naam:	Epos adres:	Kantoor / Sel Nommer
Krediteure Klerk			
Rekening Betalings			
Bestellings Plaas			

Parafeer .....

Naam van Ouditeur: _____ Tel: _____

Naam van Houer Maatskappy: _____

Naam van Filiaalmaatskappy in koper se Maatskappy Groep: _____

Hoogste verwagte balans, en nie die verwagte aankope per maand nie

⇩

Bedrag van krediet verlang: R_____

Terugbetalings terme: **30 DAE** _____

Bank besonderhede:

Bank naam: _____

Rekening nommer: _____

Rekening naam: _____

Tipe rekening: _____

Tak naam en kode: _____

Datum rekening geopen: _____

Heg asb nuutste finansiële state aan.

Lys asb 3 handelsverwysings hieronder:

Naam van Verskaffer	Telefoon nommer	Krediet limiet	Maandelikse aankope

Besonderhede van enige huidige verband of notariële verbande, of enige ander beswarings oor enige van die aansoeker se bates.

_____

_____

Koper se Direkteure / Lede / Vennote / Eienaars Besonderhede:

Volle Name	Fisiese Woonadres	ID Nommers

Parafeer .....

STANDAARD VERKOOPSBEPALINGS EN -VOORWAARDES

1. Aansoek

Die klant erken en stem in dat hierdie standaard verkoopsbepalings en –voorwaardes **(**"**Bepalings**") van toepassing is op die verkoop deur die Maatskappy van alle goedere en materiaal ("**Goedere**") en die lewering deur die Maatskappy van alle dienste ("**Dienste**") aan die klant, tot die uitsluiting van alle ander bepalings en voorwaardes, insluitend dié van die klant.

2. Duur

2.1. Enigeen van die partye kan te eniger tyd, met skriftelike kennisgewing aan die ander party, sy reëlings soos deur hierdie Bepalings gereguleer, onmiddellik beëindig.

2.2. In die geval van so 'n beëindiging, is die partye verplig, onderworpe aan die Maatskappy se regte kragtens 15, om hulle onderskeie verpligtinge wat op die datum van beëindiging uitstaande is, na te kom.

3. Bestellings

3.1. 'n Bestelling wat deur die klant aan die Maatskappy gegee word om enige Goedere of Dienste te koop ("**Bestelling**") moet skriftelik wees en is nie bindend op die Maatskappy nie alvorens 'n behoorlik gemagtigde Maatskappyverteenwoordiger sodanige bestelling skriftelik aanvaar het ("**Aanvaarding van Bestelling**").

3.2. Na die uitreiking van 'n Aanvaarding van Bestelling maak elke Bestelling 'n afsonderlike kontrak tussen die Maatskappyen die klant uit wat deur hierdie Bepalings gereël word.

3.3. Die Aanvaarding van Bestelling is bindend op die partye ten opsigte van die soort, hoeveelheid en prys van Goedere of Dienste wat bestel is.

3.4. Aanvaardings van Bestelling word na die uitsluitlike goeddunke van die Maatskappy uitgereik en die klant moet geen verwagting hê dat die Maatskappy enige bepaalde Bestelling sal aanvaar nie.

4. Pryse

4.1. Die Maatskappy moet van tyd tot tyd pryslyste uitgee ten opsigte van die Goedere en Dienste, wat met skriftelike kennisgewing aan die klant deur die Maatskappy hersien kan word. Die Maatskappy moet die huidige pryslys op versoek aan die klant voorsien.

4.2. Alle kwotasies wat deur die Maatskappy gegee word:

4.2.1. is geldig tot die vroegste van: (i) die verstryking van 'n tydperk van 30 dae; of (ii) die effektiewe datum van 'n nuwe pryslys;

4.2.2. is onderworpe aan die beskikbaarheid van die Goedere ten tye van die Bestelling; en

4.2.3. is gebaseer op die heersende wisselkoers (van die land van verblyf van die Maatskappy) op die dag waarop die kwotasie gegee word.

4.3. Alle pryse wat deur die Maatskappy gekwoteer word, sluit belasting op toegevoegde waarde ingevolge die Wet op Toegevoegde Waarde, 89 van 1991, soos gewysig, uit.

4.4. Ondanks die pryse wat in die kwotasie of die heersende pryslys uiteengesit word, word die koopprys wat ten opsigte van bepaalde Goedere en/of Dienste betaalbaar is, deur die Maatskappy in die toepaslike Aanvaarding van Bestelling vasgestel. In geval die pryse wat in die toepaslike Aanvaarding van Bestelling uiteengesit word, egter hoër is as dié wat in die betrokke kwotasie of die heersende pryslys uiteengesit word, moet die Maatskappy die klant daarvan in kennis stel en die klant het die reg om daardie Bestelling te kanselleer.

5. Betaling

5.1. Tensy die betrokke Bestelling gekanselleer word, is betaling vir Goedere verskuldig en betaalbaar wanneer die Maatskappy die Aanvaarding van Bestelling uitreik, en betaling vir Dienste gelewer is verskuldig en betaalbaar by voltooiing daarvan, in kontant.

5.2. In geval die Maatskappy skriftelik krediet aan die klant verleen het, kan die kredietperk wat die Maatskappy gestel het van tyd tot tyd deur die Maatskappy na sy goeddunke hersien of herroep word. Betaling vir Goedere en/of Dienste op krediet is verskuldig en betaalbaar binne 30 dae vanaf die datum van die rekeningstaat.

5.3. Die klant stem in dat, as die Nasionale Kredietwet op hierdie bepalings van toepassing is, rente gehef word teen die maksimum wettige koers soos voorgeskryf ingevolge die Nasionale Kredietwet op alle agterstallige betalings (op die datum van ondertekening, 2% per maand), daagliks bereken en maandeliks agterna saamgestel, vanaf die datum waarop betaling verskuldig is tot op die datum van werklike betaling.

Parafeer .....

6. Aflewering

6.1. Afleweringsdatum(s) vir Goedere en voltooiingsdatum(s) vir Dienste wat in ’n Aanvaarding van Bestelling gekwoteer word, is ramings en bind nie die Maatskappy nie. Tyd is nie van wesenlike belang by enige verkoop van Goedere of Dienste deur die Maatskappy nie.

6.2. Tensy anders skriftelik ooreengekom, sal aflewering van die Goedere CIP (Incoterms 2000) plek van bestemming wees, soos in die Aanvaarding van Bestelling bepaal. Dit beteken dat die Maatskappy nie verantwoordelik sal wees vir vraggeld en vervoer tot by die plek van bestemming nie.

6.3. ’n Afleweringsnota of vragbrief (afskrif of oorspronklike) geteken deur die klant (of deur ’n derde party wat in diens geneem is om die Goedere te vervoer), maak prima facie-bewys uit van aflewering by die klant van die Goedere en of voltooiing van die Dienste wat daarin aangegee word.

6.4. By aflewering van die Goedere by die klant moet die klant die Goedere inspekteer om seker te maak dit voldoen aan die Aanvaarding van Bestelling wat soort en hoeveelheid betref. Die klant moet die Maatskappy so gou moontlik laat weet van enige teenstrydigheid en, indien van toepassing, die betrokke Goedere op die Maatskappy se koste aan die Maatskappy terugstuur. Die Maatskappy sal enige sodanige teenstrydighede daarna op sy koste regstel.

7. Titel, Risiko

7.1. Alle Goedere wat deur die Maatskappy verskaf word, bly die eiendom van die Maatskappy totdat volle betaling vir die Goedere, insluitend rente daarop, indien van toepassing, deur die Maatskappy ontvang is.

7.2. Die risiko van skade aan, vernietiging of diefstal van die Goedere gaan op die klant oor ooreenkomstig CIP (Incoterms 2000) plek van bestemming, soos bepaal in die Aanvaarding van Bestelling. Dit beteken dat die risiko op die klant oorgaan wanneer die goedere afgelewer word by die derde party wat in diens geneem is om die Goedere te vervoer.

8. Intellektuele Goedere

8.1. Die klant erken dat die Maatskappy die eienaar, of lisensiehouer, is van alle intellektuele goedereregte in en op die Goedere en Dienste, insluitend, maar nie beperk nie tot, patente, ontwerpe, outeursreg en handelsmerke (“**Intellektuele Goedere**”), Die klant erken dat hy verder geen aanspraak van eienaarskap op die Intellektuele Goedere het nie. Die klant mag nie te eniger tyd gedurende of na beëindiging of kansellering van hierdie Bepalings die geldigheid of afdwingbaarheid van die Intellektuele Goedere betwis of enigiets laat doen wat enige deel van daardie regte betwis of in enige opsig aantas of bedoel is om dit aan te tas nie; en mag nie enige ander persoon raad gee of help om dit te doen nie.

8.2. Die klant mag nie met die handelsmerke, insluitend die logo’s en verkoopsleuses, van die Maatskappy wat op die Goedere en/of verpakking verskyn, verwyder of daarmee peuter nie.

8.3. Die klant mag in geen opsig voorgee dat hy enige reg van enige aard op die Intellektuele Goedere het nie. Die klant mag die Intellektuele Goedere net gebruik soos deur die Maatskappy gemagtig en enige sodanige gebruik sal tot voordeel van die Maatskappy wees.

9. Vertroulike inligting

9.1. Die klant stem hiermee toe dat die Maatskappy kan voortgaan om sy Kredietverwysingsdata langer te hou as wat nodig is vir prestasie kragtens sy reëling met die klant soos deur hierdie Bepalings gereguleer, en na beëindiging van sodanige reëling soos deur hierdie Bepalings gereguleer. Die klant stem hiermee toe tot die openbaarmaking van sy Kredietverwysingsdata aan kredietverwysingsagentskappe, en dat geen verdere spesifieke toestemming verkry hoef te word vir die openbaarmaking van sodanige data aan kredietverwysingsagentskappe nie. Die klant stem in dat die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir openbaarmaking in goeie trou van sy Kredietverwysingsdata aan kredietverwysingsagentskappe nie.

9.2. Die klant stem hiermee ook in dat sy verbruikerskredietinligting na die Nasionale Register van Kredietooreenkomste, enige kredietburo of ander derde party wat ingevolge toepaslike wetgewing toegelaat of vereis word, gestuur kan word, insluitende enige derde party aan wie die Maatskappy sy regte en verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms gesedeer en oorgedra het. Verbruikerskredietinligting sluit in, maar is nie beperk nie tot, inligting oor hierdie aansoek, inligting met betrekking tot hierdie Bepalings, die klant se persoonlike inligting, asook inligting oor nienakoming van hierdie Bepalings.

9.3. Die klant moet enige inligting van of met betrekking tot die Maatskappy of sy werksaamhede of sake wat hy verkry het of kan verkry, vertroulik hou, behalwe vir enige inligting:

9.3.1. wat op enige manier buiten deur die optrede of versuim van die klant algemeen bekend word; of

Parafeer .....

9.3.2. wat voor die openbaarmaking daarvan in besit van die klant was behalwe as gevolg van ’n skending deur die klant van enige vertroulikheidsverpligting wat na aanleiding van hierdie Bepalings teenoor die Maatskappy verskuldig is; of

9.3.3. wat aan die klant openbaar gemaak is deur ’n persoon wat die inligting nie kragtens ’n vertroulikheidsverpligting verkry het nie; of

9.3.4. wat onafhanklik deur die klant verkry is as gevolg van werk wat gedoen is deur ’n persoon aan wie sulke inligting nie openbaar gemaak is nie.

en die klant mag sulke inligting nie gebruik of openbaar maak nie behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Maatskappy of in ooreenstemming met ’n bevel van ’n hof met bevoegde jurisdiksie, of ’n bevel om te voldoen aan ’n wet of regeringsregulasies waardeur enigeen van die betrokke party gebind is, of soos wat wettiglik skriftelik deur ’n regeringsowerheid versoek word.

10. Verbod op herverkope

Die klant word verbied om enige Goedere waarvan eienaarskap nog nie op die klant oorgegaan het, in enige omstandighede aan ’n derde party te verkoop sonder die Maatskappy se voorafverkreë skriftelike toestemming.

11. Voldoening aan wette

11.1. Die klant moet te alle tye:

11.1.1. aan alle toepaslike wette, regulasies en standaarde met betrekking tot die goedere voldoen, insluitend maar nie beperk nie tot die laai, berg, stapel, hantering en gebruik daarvan;

11.1.2. voldoen aan die instruksies wat die Maatskappy gee met betrekking tot die goedere en die hantering en gebruik daarvan;

11.1.3. behoorlik kennis neem van die waarskuwings wat die Maatskappy gee met betrekking tot enige gevare wat met die goedere of die hantering of gebruik daarvan gepaard gaan;

11.1.4. die items wat in 11.1.1 tot 11.1.3 hierbo genoem word, meedeel aan alle persone aan wie die klant die goedere verskaf, en

11.1.5. seker maak dat die persone waarna in 11.1.4 hierbo verwys word, onderneem om die items in 11.1.1 tot 11.1.3 hierbo genoem, meegedeel word aan alle persone aan wie hy die goedere verskaf, en so aan met die verskaffingsketting af totdat die goedere die eindgebruiker bereik.

Bostaande maak ’n aanvaarding van risiko, aanspreeklikheid of beide deur die klant uit omdat die klant se regte en regsmiddele teen die Maatskappy beperk of uitgesluit kan word as hy nie die verpligtinge wat hierbo uiteengesit word, nakom nie. Dit beteken dat die klant moontlik sy eie verliese in hierdie omstandighede sal moet dra.

11.2. Waar die klant vereis dat die Maatskappy enige dienste moet lewer, moet die klant seker maak dat daar toereikende en veilige fasiliteite by sy perseel bestaan.

Bostaande maak ’n aanvaarding van risiko, aanspreeklikheid of beide deur die klant uit omdat die Maatskappy en/of sy werknemers en/of subkontrakteurs eise of ander regte teen die klant kan hê as die klant nie toereikende en veilige fasiliteite by sy perseel verskaf nie. Dit beteken dat die klant moontlik finansiële en ander risiko’s kan aanvaar.

12. Aanspreeklikheid en vrywaring

12.1. Behoudens 12.2, is die Maatskappy nie in enige omstandighede teenoor die klant aanspreeklik vir enige skade hoegenaamd:

12.1.1. waar sulke skade verband hou met die Goedere en/of Dienste, die transaksie tussen die Maatskappy en die klant, en/of hierdie Bepalings nie;

12.1.2. hoe die skade ook al veroorsaak word; en

12.1.3. hoe die skade ook al ontstaan, hetsy deur kontrak, delik, gemene reg, pligsversuim of andersins.

Bostaande maak ’n aanvaarding van risiko en/of aanspreeklikheid deur die klant uit en sluit die klant se regte en regsmiddele teen die Maatskappy uit. Dit beteken dat die klant die finansiële verantwoordelikheid sal dra vir enige skade of verliese wat hy mag ly.

12.2. Die beperking op die Maatskappy se aanspreeklikheid in 12.1 gee nie voor om die Maatskappy se aanspreeklikheid te beperk nie waar dit:

12.2.1. strydig is met, of verbied word deur, die WBP vir die Maatskappy om dit te doen; of

12.2.2. onwettig is vir die Maatskappy om dit te probeer doen.

Parafeer .....

Oormag

13.1. Nie een van die partye is aanspreeklik vir die nienakoming van enige van hulle verpligtinge in die mate waarin sodanige nakoming verhoed is deur 'n beletsel buite hulle beheer nie, insluitend sonder beperking, die onvermoë om arbeid, krag, materiaal of voorrade te kry, onklaarraking van masjinerie, of oorlog, burgerlike opstand, oproer, dade van sabotasie, noodtoestande, stakings, uitsluitings, sloerstakings of ander arbeidsgeskille, natuurkragte, ontploffings, brande, vloede, droogte en owerheidsdade (hetsy wettig of onwettig).

13.2. So 'n beletsel stel die geaffekteerde party vry van skadevergoeding, strawwe of ander kontraktuele strawwe, en stel die tyd vir verrigting uit, so lank as wat en in die mate waarin die beletsel voortduur.

13.3. As die beletsel langer as 30 dae voortduur, is enigeen van die partye daarop geregtig om hierdie ooreenkoms met skriftelike kennisgewing te beëindig.

14. Sakeredding

14.1. As die klant 'n maatskappy is, moet hy die Maatskappy binne 2 dae skriftelik in kennis stel indien die volgende gebeure plaasvind:

14.1.1. wanneer die direksie van die klant bewus word dat die klant in Finansiële Nood is;
14.1.2. wanneer die direksie van die klant 'n Sakeredding vir die klant beoog, oorweeg, bespreek of daartoe instem;
14.1.3. wanneer die klant bewus word van enige persoon wat voornemens is om 'n stap te doen of 'n stap doen om by die hof aansoek om die Sakeredding van die klant

14.2. Die skriftelike kennisgewing moet die volledige besonderhede uiteensit van die Finansiële Nood of die werklike of beoogde aktiwiteit wat in 14.1.2 en/of 14.1.3 hierbo bedoel word, na gelang van die geval.

14.3. Vir die doeleindes van hierdie Bepalings het "Sakeredding" die betekenis wat in artikel 128(1)(b) van die Maatskappywet, 71 van 2008, daaraan gegee word, en "Finansiële Nood" die betekenis wat in artikel 128(1)(f) van daardie Wet daaraan gegee word.

15. Wanprestasie

15.1. Indien:

15.1.1. die klant enige stappe doen om te deregistreer;
15.1.2. die klant ontbind of gelikwideer is, hetsy voorlopig of finaal en hetsy verpligtend of vrywillig, of stappe daarvoor doen;
15.1.3. 'n hofbevel teen die klant of enigeen van sy prinsipale aangeteken word;
15.1.4. die klant 'n skikking met sy krediteure in die algemeen aangaan of aanbied om dit te doen;
15.1.5. 'n skriftelike kennis waarna in klousule 14.1 verwys word, deur die Maatskappy ontvang word; en/of
15.1.6. die Maatskappy bewus word dat die klant in Finansiële Nood is of dat enige werklike of voorgestelde aktiwiteit in klousule 14.1.2 of 14.1.3 hierbo bedoel, plaasvind.

is die Maatskappy geregtig, sonder benadeling van sy regte, om enige Bestelling te kanselleer, enige Aanvaarding van Bestelling terug te trek, te weier om verdere Bestellings te aanvaar en/of sodanige stappe te doen wat regtens toegelaat word om die bedrag wat deur die klant verskuldig is, te verhaal.

15.2. Indien 'n party 'n skending van enige bepaling van hierdie Bepalings begaan en in gebreke bly om sodanige skending tot die redelike bevrediging van die ander party reg te stel binne 7 dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die ander party om dit te doen, kan die ander party, sonder benadeling van sy regte en regsmiddele wat hy regtens het:

15.2.1. spesifieke nakoming van enigeen van die wanpresterende party se verpligtinge kragtens hierdie Bepalings eis; of
15.2.2. die reëling tussen die partye kragtens hierdie Bepalings opskort of beëindig; en in elke geval
15.2.3. sodanige skadevergoeding eis wat hy/sy gely het.

15.3. Benewens die Maatskappy se regte kragtens 15.2, waar die klant die wanpresterende party is, kan die Maatskappy enige Bestelling kanselleer, enige Aanvaarding van Bestelling terugtrek, weier om verdere Bestellings te aanvaar en/of sodanige stappe doen wat regtens toegelaat word om die bedrag wat verskuldig is, van die klant te verhaal.

16. Reëlende reg en geskilbeslegting

16.1. Hierdie Bepalings word gereël, uitgelê en geïmplementeer in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse reg en die klant stem toe tot die nie-uitsluitlike jurisdiksie van die Hoë Hof van Suid-Afrika vir enige verrigtinge wat uit hierdie Bepalings spruit.

16.2. Die Maatskappy het die reg om, na sy keuse, verrigtinge in te stel in die Landdroshof wat jurisdiksie het, selfs al is die bedrag wat deur die Maatskappy geëis word, groter as die jurisdiksie van die Landdroshof.

Parafeer .....

17. Algemeen

17.1. Geen tydsverlenging of toegewing wat deur enigeen van die partye gemaak word, sal 'n afstanddoening deur daardie party van enigeen van sy regte hierkragtens uitmaak nie, of die uitoefening deur daardie party van sy bestaande of toekomstige regte verhoed of nadelig beïnvloed nie.

17.2. Die klant stem in dat hierdie Bepalings die hele ooreenkoms tussen die klant en die Maatskappy ten opsigte van die onderwerp hiervan uitmaak en enige vorige verstandhouding tussen die partye ten opsigte daarvanvervang of vernuwe. Geen kontrak wat hierdie Bepalings wysig, daaraan toevoeg, daaruit skrap of dit kanselleer, kan in werking tree nie tensy dit op skrif gestel en deur 'n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van beide die klant en die Maatskappy geteken word.

17.3. Nie een van die partye kan al of enige van hulle regte sedeer of alle of enige van hulle verpligtinge ingevolge hierdie Bepalings aan 'n ander party sedeer sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die ander party nie.

17.4. As daar 'n konflik is tussen hierdie Bepalings en die bepalings en voorwaardes van enige aanbod, Bestelling of ander mededeling wat van die klant ontvang is, geld hierdie Bepalings.

17.5. Indien die maatskappy regsverrigtinge teen die klant na aanleiding van hierdie Bepalings instel en met sodanige regsverrigtinge slaag, moet die klant alle koste betaal wat die Maatskappy aangegaan het om dit te doen, insluitend maar nie beperk nie tot invorderingskoste, opspoorgelde en regskoste.

17.6. Die klant kies die adres vir aflewering van die Goedere wat in die kredietaansoekvorm genomineer is, en die Maatskappy kies die volgende adres as hulle onderskeie adresse vir die beteken van regsdokumente of prosesstukke (d.w.s. sy domicilium citandi et executandi):

Klant:

_____

_____

Maatskappy: QMS Technologies, N11 Groblersdal na Marble Hall, Trifert Gebou, Schoeman Bdy

17.7. Die klant kies die posadres wat in die kredietaansoekvorm genomineer is, en die Maatskappy kies die volgende adres as hulle onderskeie adresse vir die aflewering van enige skriftelike kennisgewings:
Klant:

_____

_____

Maatskappy: Bus 341, Groblersdal, 0470

17.8. Daar word geag dat 'n kennisgewing behoorlik gegee is 7 dae nadat dit gepos is as dit per voorafbetaalde geregistreerde pos na die party se genomineerde posadres gestuur is, tensy die adresseerder, op die tydstip waarop daar andersins geag sou gewees het dat die kennisgewing gegee is, bewus is dat die geadresseerde dit waarskynlik nie ontvang het nie, sonder dat dit aan 'n handeling of versuim van die geadresseerde gewyt kan word. 'n Party kan sy adres(se) vir hierdie doel verander met 7 dae skriftelike kennisgewing aan die ander party. Ondanks enige teenstrydige bepaling, is 'n skriftelike kennisgewing of mededeling wat werklik deur 'n party ontvang is, voldoende skriftelike kennisgewing of mededeling, selfs al is dit nie aan daardie party se gekose adres gestuur of daar afgelewer nie.

17.9. Indien enige bepaling van hierdie Bepalings wat nie wesenlik vir die doeltreffendheid daarvan as 'n geheel is nie, kragtens enige wet nietig, onwettig of onafdwingbaar in enige opsig gemaak word, word die geldigheid, wettigheid en afdwingbaarheid van die oorblywende bepalings in geen opsig daardeur geraak of aangetas nie.

Vir en namens die aansoeker:

OP DIE DAG _____ VAN _____ 20 _____

KOPER	HANDTEKENING	VOLLE NAME	ID NOMMER
1.			
2.			
GETUIE			

Parafeer .....

SESSIE VAN SKULDE

Volle geregistreerde Naam van die Besigheid:

_____

Registrasienommer _____

(hierna "die Skuldenaar" genoem) sedeer hiermee QMS TECHNOGLOGIES (EDMS) BPK, registrasienommer 2014/127980/07 met sy hoofbesigheidsplek by GROBLERSDAL (hierna "die Maatskappy" genoem) al die skuldenaar se reg op, titel en belang by die Skulde, as sekuriteit vir die behoorlike nakoming van al sy Verpligtinge, op die bepalings wat hierin vervat is.

1. In hierdie akte van sessie, tensy uit die samehang anders blyk:
   1.1. "Skulde" – beteken die hele reg op, titel en belang by enige eise, van watter aard ook al en hoe dit ook al ontstaan, wat die Skuldenaar nou of hierna teen enige persoon hoegenaamd kan hê, en alle en enige geld, bedrae of prestasie, van watter aard ook al en hoe dit ook al ontstaan, wat nou of hierna deur enige persoon hoegenaamd aan die Skuldenaar verskuldig is of word;
   1.2. "Verpligtinge" – sluit in alle en enige verpligtinge of verskuldigdheid van watter aard ook al en hoe dit ook al ontstaan, wat die Skuldenaar nou of te eniger tyd hierna teenoor die Maatskappy het of verskuldig is;
   1.3. "persoon" – sluit in 'n natuurlike persoon, 'n maatskappy, 'n beslote korporasie, 'n firma of enige vereniging of liggaam van persone, hetsy natuurlik of nie en hetsy geïnkorporeer of ongeïnkorporeer
   1.4. die enkelvoud sluit die meervoud in, en omgekeerd
   1.5. woorde wat die een geslag aandui, sluit die ander geslag in; en
   1.6. enige verwysing na die Maatskappy sluit 'n verwysing na sy regsopvolgers, sessionarisse en regsverkrygendes in

2. Hierdie sessie dien as 'n voortdurende dekkende sekuriteit ten gunste van die Maatskappy en bly te alle tye ten volle van krag ondanks enige tussentydse nakoming of skikking of fluktuasie van die Skuldenaar se Verpligtinge. Die bepalings van die sessie het die uitwerking van 'n pand.

   Hierdie klousule bepaal dat die Skuldenaar instem tot en die risiko aanvaar dat die Skulde as sekuriteit sal dien vir al die Skuldenaar se verpligtinge te eniger tyd, ondanks enige verandering in die Skuldenaar se Verpligtinge.

3. Hierdie sessie kan op 'n tydstip wanneer daar geen Verpligtinge bestaan nie, skriftelik deur die Maatskappy gekanselleer word, of deur die Skuldenaar deur die Maatskappy nie minder nie as 60 dae skriftelike kennis te dien effekte te gee.

4. Die Skuldenaar waarborg dat:

   4.1. die Skulde geldig, afdwingbaar en vry van enige retensiereg of beswarings is en moet wees;
   4.2. hy die eienaar van die Skulde is en moet bly;
   4.3. hy geregtig is om die Skulde aan die Maatskappy te sedeer;
   4.4. hy nie al of enige van die Skulde aan 'n ander persoon sedeer het nie;
   4.5. hy die nodige regsbevoegdheid het en steeds sal moet hê om elkeen van sy verpligtinge kragtens hierdie sessie aan te gaan en uit te voer en alle nodige korporatiewe en/of interne stappe gedoen het om die verlyding en uitvoering van hierdie sessie te magtig;
   4.6. die verlyding van hierdie sessie en uitvoering deur die Skuldenaar van elkeen van sy verpligtinge hierkragtens nie enige wet of regulasie oortree, enige bepaling van die Skuldenaar se akte van oprigting skend, of strydig is met, of 'n skending tot gevolg het, van enige van die bepalings van, of 'n wanprestasie uitmaak van, enige ooreenkoms of ander instrument waarby die Skuldenaar 'n party of onderwerp is of word of waardeur die Skuldenaar of enige van by bates gebind is of word nie; en
   4.7. indien die betaling deur enige persoon van enige Skuld afhang van nakoming deur die Skuldenaar van enige verpligting of aanspreeklikheid, die Skuldenaar daardie verpligting of aanspreeklikheid (of dit verskuldig is of nie) stiptelik sal nakom, in gebreke waarvan die Maatskappy namens die Skuldenaar hiermee geregtig word om dit na te kom of te laat nakom en onmiddellik enige redelike koste of onkoste wat die Maatskappy aangaan om dit

Parafeer .....

te doen, van die Skuldenaar te verhaal.

Hierdie klousule maak feite-erkennings deur die Skuldenaar uit. Die Skuldenaar moet hierdie klousule versigtig lees en seker maak dat elke verklaring waar en korrek is aangesien dit die Skuldenaar se reg om later daarop aanspraak te maak dat enige verklaring nie waar en korrek is nie, sal beperk of uitsluit. Die Maatskappy kan moontlik ook eise en ander regte teen die Skuldenaar hê as enige verklaring nie waar en korrek is nie.

5. Wanneer 'n skriftelike kontrak met enigeen van die Skuldenaar se skuldenaars aangegaan word, of wanneer die Skuldenaar in besit kom van enige dokument of skuldakte wat bewys is van enige eis in die Skuldenaar se guns teen enigeen van sy skuldenaars, of enige verhandelbare instrument vir enige Skulde ontvang word, moet die Skuldenaar, in die mate wat regtens toegelaat word, sodanige ooreenkoms, dokument, skuldakte of verhandelbare instrument onverwyld aan die Maatskappy lewer en die Maatskappy is dan gevestig as pandnemer ingevolge hierdie sessie.

6. Die Skuldenaar onderneem hiermee om, so lank as wat die Verpligtinge bestaan, alle ooreenkomste waarna daar in klousule 5 verwys word wat voortydig beëindig is, onmiddellik na beëindiging te vervang en ook om, op die Maatskappy se versoek, enige ooreenkomste wat nie meer vir die Maatskappy, wat redelik optree, aanvaarbaar is nie, te vervang met nuwe ooreenkomste wat deur die Maatskappy, wat redelik optree, goedgekeur word.

7. In die mate wat regtens toegelaat word, vrywaar die Skuldenaar die Maatskappy hiermee teen enige en alle verlies, aanspreeklikheid, onkoste, aanspraak of eis (hetsy regstreeks, onregstreeks, voortvloeiend of andersins) uit watter oorsaak dit ook al ontstaan (buiten waar dit veroorsaak is deur die growwe nalatigheid van die Maatskappy of enige persoon wat vir die Maatskappy optree of deur die Maatskappy beheer word), ten opsigte van of in verband met hierdie sessie of enige van die Skulde.

   Hierdie klousule maak 'n aanvaarding van risiko, aanspreeklikheid of albei deur die Skuldenaar uit en sluit die Skuldenaar se regte en regsmiddele teen die Maatskappy uit. Die Skuldenaar aanvaar ook verskeie finansiële en ander verpligtinge, en finansiële en ander risiko's.

8. Die Maatskappy is geregtig om kennis van hierdie sessie aan al of enige van die Skuldenaar se skuldenaars te gee.

9. Die Maatskappy is ook geregtig om sodanige redelike stappe te doen as wat hy geskik ag om die bedrag te verhaal wat onderskeidelik deur die Skuldenaar se skuldenaars van tyd tot tyd aan die Skuldenaar verskuldig is, en die Maatskappy, wat redelik optree, is geregtig om enige bedrae wat hierkragtens verhaal word, aan te wend vir die algehele of gedeeltelike nakoming van sodanige Verpligtinge as wat die Maatskappy besluit.

10. Die Skuldenaar moet, in die mate wat regtens toegelaat word, op aanvraag al of enige van die Skuldenaar se rekords met betrekking tot die Skulde wat die Maatskappy redelikerwys kan vereis, aan die Maatskappy lewer.

11. Die Skuldenaar moet maandeliks en ook op aanvraag aan die Maatskappy 'n lys voorsien van alle Skulde wat verskuldig is en sodanige lys moet op versoek van die Maatskappy deur die Skuldenaar se ouditeurs op die Skuldenaar se koste gesertifiseer word.

    Hierdie klousule maak 'n aanvaarding van aanspreeklikheid deur die Skuldenaar uit aangesien die Skuldenaar verantwoordelik sal wees om sy ouditeurs se gelde in hierdie verband te betaal.

Parafeer .....

12. Die Maatskappy is, sonder benadeling van enigeen van sy regte ingevolge hierdie sessie, geregtig om:

12.1. enige van die Skulde in te vorder en, in die mate waarin die Maatskappy nie sy regte uitoefen om enige van die Skulde in te vorder nie, van die Skuldenaar te vereis om, op sy eie koste, dit as die Maatskappy se agent in te vorder;

12.2. indien die Skuldenaar wanpresteer, met kennisgewing van 10 besigheidsdae aan die Skuldenaar al of enige van die Skulde teen billike waarde aan enige persoon of persone te verkoop en te sedeer. Die billike waarde van enige Skuld sal die waarde wees waarop daar skriftelik tussen die Maatskappy en die Skuldenaar ooreengekom is of, in gebreke van ooreenkoms binne 10 besigheidsdae na aflewering van 'n kennisgewing aan die Skuldenaar wat meld dat die Maatskappy sy regte kragtens hierdie 12.2 uitoefen, die waarde wat, in die mate wat regtens toegelaat word, deur 'n onafhanklike rekenmeester waarop die Maatskappy en die Skuldenaar ooreenkom (of, by gebreke van ooreenkoms binne 5 besigheidsdae, op versoek van enigeen van die partye, aangestel is deur die President van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters, of die opvolgerliggaam daarvan), welke onafhanklike rekenmeester as 'n deskundige moet optree en nie as 'n arbiter nie, opdrag sal kry om sy vasstelling binne 10 besigheidsdae te maak en die aanspreeklikheid te bepaal vir sy gelde (wat dienooreenkomstig betaal moet word), met dien verstande dat indien 'n vasstelling klaarblyklik onregverdig is en 'n hof sy algemene bevoegdheid, indien enige, uitoefen om so 'n vasstelling reg te stel, die partye daardeur gebind is;

Hierdie klousule maak 'n aanvaarding van risiko, aanspreeklikheid of albei deur die Skuldenaar uit omdat, indien die Skuldenaar ingevolge hierdie sessie wanpresteer, die Maatskappy toegelaat sal word om die Skulde te verkoop. Die Skuldenaar kan ook verantwoordelik wees vir die onafhanklike rekenmeester se gelde met betrekking tot die vasstelling van die billike waarde van die Skulde.

12.3. in sy eie diskresie, maar deur redelik op te tree, hom daarvan te weerhou om enige Skulde en/of ander sekuriteit, hetsy heeltemal of gedeeltelik, af te dwing;

12.4. in die mate wat regtens toegelaat word, uitstel te verleen, te skik of 'n reëling ten opsigte van enige Skulde te tref en/of enige bykomende of ander sekuriteit van die Skuldenaar of ander partye te verkry; en/of

12.5. enige toegewing of speling aan die Skuldenaar of aan enige ander partye toe te staan

13. Die Skuldenaar wanpresteer indien op enige tydstip:

13.1. die Skuldenaar enige verpligting of onderneming wat verskuldig is of voorstelling of waarborg wat deur die Skuldenaar aan die Maatskappy gegee is, hetsy kragtens hierdie sessie of andersins, skend;

13.2. die Skuldenaar enige verpligting wat deur die Skuldenaar aan enigiemand anders verskuldig is, skend

13.3. die Skuldenaar stappe doen om homself te deregistreer; die Skuldenaar gederegistreer is, 'n daad pleeg wat, as dit deur 'n natuurlike persoon gepleeg word, 'n daad van insolvensie sal wees soos omskryf in die Insolvensiewet, 24 van 1936, soos gewysig, of stappe deur die Skuldenaar of enigiemand anders gedoen word om die Skuldenaar in likwidasie, hetsy vrywillig of verpligtend, voorlopig of finaal, te plaas;

13.4. die Maatskappy daarvan bewus word dat (i) die Skuldenaar finansieel in die nood is, of (ii) die Skuldenaar se direksie 'n sakeredding van die Skuldenaar beoog, oorweeg, bespreek of daartoe instem, of (iii) enige persoon beoog om 'n stap te doen om by 'n hof aansoek te doen om die sakeredding van die Skuldenaar of so 'n stap doen (en vir ie doeleindes van hierdie sessie het "**sakeredding**" die betekenis wat dit in artikel 128(1)(b) van die Maatskappywet, 71 van 2008, het en "**finansieel in die nood**" het die betekenis wat dit in artikel 128(1)(f) van daardie Wet het);

13.5. aansoek gedoen word om 'n interdik wat, as dit toegestaan word, enigeen van die Skuldenaar se bates sal raak of sal inmeng met die bedryf van die Skuldenaar se normale besigheid; en/of

13.6. die Skuldenaar iets doen of nalaat of toelaat dat enigiets gedoen word wat redelikerwys verwag kan word om enigeen van die Maatskappy se regte kragtens hierdie sessie te benadeel of verlies of skade vir die Maatskappy te veroorsaak

Parafeer .....

14. As die Skuldenaar wanpresteer, sal die Maatskappy, wat redelik optree en in die mate wat regtens toegelaat word, geregtig wees om, benewens en sonder benadeling van enige ander regte of regsmiddele wat die Maatskappy kragtens hierdie ooreenkoms of andersins kan hê, van die Skuldenaar vereis om onmiddellik:
    14.1. al of enige deel van sy verpligtinge teenoor die Maatskappy na te kom, ongeag of hulle dan verskuldig is of nie; en/of
    14.2. aan die Maatskappy sodanige redelike bedrag ten opsigte van die Verpligtinge te betaal waarop die Maatskappy kan besluit om die Maatskappy kontantsekuriteit vir die Skuldenaar se maksimum potensiële aanspreeklikheid vir die Verpligtinge te gee

15. Die Skuldenaar moet te alle tye op sy eie koste alle gepaste maatreëls tref vir die beskerming van die Skulde. In die besonder, en sonder om die algemene bepalings van die voorgaande in te kort:
    15.1. moet die Skuldenaar in sy finansiële jaarstate kennis laat neem van die bestaan van die sessie;
    15.2. moet die Skuldenaar die Skulde te alle tye vry hou van enige beswarings hoegenaamd, insluitend enige geregtelike beslagleggings en notariële verbande; en
    15.3. moet die Skuldenaar, in die mate wat regtens toegelaat word, nie enige Skuld prysgee, laat vaar, skik, verminder of vryskeld of die tydperk van betaling daarvan verleng nie, of toelaat dat enige Skuld verjaar of enige ongewone stappe doen om enige skuld vroeg in te vorder nie, behalwe met die Maatskappy se skriftelike toestemming vooraf, welke toestemming nie onredelik weerhou moet word nie.

16. Hierdie sessie is benewens, maar sonder benadeling van, en vul enige vroeër sessie of ander sekuriteit aan wat reeds vir die Skuldenaar se Verpligtinge gegee is en doen nie afbreuk aan die geldigheid of werking van sodanige vroeër sessie of ander sekuriteit nie en hierdie sessie geniet, soos tussen die Maatskappy en die Skuldenaar, gelyke voorkeur met enige vroeër sessie of ander sekuriteit.

17. Elke paragraaf van hierdie sessie is skeibaar van die ander en indien enige bepaling om enige rede hoegenaamd deur 'n bevoegde hof gebrekkig of onafdwingbaar bevind word, bly die oorblywende paragrawe ten volle van krag.

18. Hierdie sessie bevat al die uitdruklike bepalings waarop die partye met betrekking tot die onderwerp hiervan ooreengekom het.

19. Die Skuldenaar gee hiermee toestemming en onderwerp hom aan die nie-uitsluitlike jurisdiksie van die Landdroshof wat jurisdiksie oor die Skuldenaar het ten opsigte van alle verrigtinge wat met hierdie sessie verband hou, ten spyte daarvan dat die bedrag wat geëis word of die waarde van die saak in geskil die jurisdiksie van sodanige hof kan oorskry.

20. Die Maatskappy stem in om kennisgewings en prosesstukke kragtrens hierdie sessie by die volgende adres te aanvaar (hierdie adres staan in die reg bekend as die Maatskappy se *domicilium citandi et executandi*):

    QMS Technologies, N11 Groblersdal na Marble Hall, Trifert Gebou, Schoeman Bdy

---

en die Skuldenaar kies hiermee sy *domicilium citandi et executandi* vir alle doeleindes hierkragtens as:

Parafeer .....

Elke party is geregtig om sy domicilium van tyd tot tyd na ’n ander fisiese adres in die Republiek van Suid-Afrika te verander, en sodanige verandering word van krag by ontvangs deur die ander party van ’n skriftelike kennisgewing van so ’n verandering. Alle kennisgewings of mededelings wat vir enigeen van die partye bedoel is, moet skriftelik gegee of gemaak word by sodanige party se domicilium asdan en word geag ontvang te gewees het, as dit per voorafbetaalde geregistreerde pos gestuur is, 3 dae na die pos daarvan.

21. Alle redelike regskoste, insluitend maar nie beperk nie tot belasting op toegevoegde waarde, vorderings en uitbetalings en gelde van ’n soortgelyke aard wat die Maatskappy aangaan om enige bepaling van hierdie sessie of enige eis hierkragtens suksesvol af te dwing of te verdedig, is vir die Skuldenaar se rekening en op aanvraag betaalbaar.

22. Hierdie sessie word in alle opsigte gereël deur die reg van die Republiek van Suid-Afrika, en alle geskille, aksies of ander aangeleentheid met betrekking daartoe moet ooreenkomstig sodanige reg besleg word.

23. Geen verslapping of toegewing wat die Maatskappy van tyd tot tyd aan die Skuldenaar toestaan, moet beskou word as ’n afstanddoening van die Maatskappy se regte hierkragtens nie, en geen sodanige verslapping of toegewing moet beskou word as ’n novasie of afstanddoening van die bepalings en voorwaardes van hierdie sessie nie

24. Geen ooreenkoms of afwyking van die bepalings en voorwaardes van hierdie sessie en geen afstanddoening deur die Maatskappy van enigeen van sy regte is van krag nie, tensy dit op skrif gestel is en deur die Maatskappy en die Skuldenaar geteken is.

25. In die mate waarin hierdie sessie deur die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008 (“**WVB**”), gereël word of daaraan onderworpe is, is geen bepaling van hierdie sessie bedoel om die WVB te oortree nie. Alle bepalings van hierdie sessie sal beskou word asof dit in die mate wat vereis word kwalifiseer om voldoening aan toepaslike bepalings van die WVB te verseker en hierdie sessie moet dienooreenkomstig uitgelê en toegepas word.

Aldus gedaan en geteken in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies

GETEKEN TE_____**OP**_____**DAG VAN**_____**20** _____

VIR EN NAMENS: _____

(BEHOORLIK GEMAGTIGDE ONDERTEKENAAR)	(BEHOORLIK GEMAGTIGDE ONDERTEKENAAR)
NAAM: _____	NAAM: _____
ID NO: _____	ID NO: _____
FISIESE ADRES: _____	FISIESE ADRES: _____
GETUIE: _____	**GETUIE:** _____
GETUIE: _____	**GETUIE:** _____

Parafeer .....

STAWENDE DOKUMENTE VIR REKENING AANSOEK

Eenmansaak	BK	EDMS Bpk	Trust	Vennootskap
Aansoek volledig voltooi en gedateer en geteken Aansoek alle bladsye geparafeer	Aansoek volledig voltooi en gedateer en geteken Aansoek alle bladsye geparafeer	Aansoek volledig voltooi en gedateer en geteken Aansoek alle bladsye geparafeer	Aansoek volledig voltooi en gedateer en geteken Aansoek alle bladsye geparafeer	Aansoek volledig voltooi en gedateer en geteken Aansoek alle bladsye geparafeer
Mees onlangse finansiële state (vir bedrae > R199 000)	Mees onlangse finansiële state (vir bedrae > R199 000)	Mees onlangse finansiële state (vir bedrae > R199 000)	Mees onlangse finansiële state (vir bedrae > R199 000)	Mees onlangse finansiële state (vir bedrae > R199 000)
Getekende borg	Getekende borg	Getekende borg	Getekende borg	Getekende borg
Bewys van adres	Bewys van adres	Bewys van adres	Bewys van adres	Bewys van adres
SARS VAT 103	SARS VAT 103	SARS VAT 103	SARS VAT 103	SARS VAT 103
Gesertifiseerde afskrif van ID	Gesertifiseerde afskrif van alle BK lede se IDs	Gesertifiseerde afskrif van alle direkteure se IDs	Gesertifiseerde afskrif van alle trust lede se IDs	Gesertifiseerde afskrif van vernote se IDs
	n Magtigingsbrief van die BK lede wat toestemming gee aan tekenaar om namens BK op te tree	n Brief (Resolusie) van die EDMS Bpk wat toestemming gee aan tekenaar om namens EDMS Bpk op te tree	n Magtigingsbrief van die trust lede wat toestemming gee aan tekenaar om namens trust op te tree	n Magtigingsbrief van die lede wat toestemming gee aan tekenaar om namens vennootskap op te tree
	CK1 Afskrif van inlywingsdokument	CM1 (COR39) Afskrif van inlywingsdokument	Afskrif van volledige Trust Akte	
	CK2 Afskrif van Naamsveranderingdokument	CM9 Afskrif van Naamsveranderingdokument		